# Gesamentlike Persverklaring

**Die Raad op Finansiële Dienste en mev Rinate Goosen**

Die Raad op Finansiële Dienste (FSB) en mev Rinate Goosen (mev Goosen) is dit eens dat mediapublisiteit rakende mev Goosen se vorige assosiasie met FSP Network (Edms) Bpk h/a Unlisted Securities South Africa (USSA) die onafhanklikheid van die FSB in die openbaar benadeel en dat dit 'n negatiewe indruk van die FSB en mev Goosen en haar betrokkenheid by USSA en Sharemax Investments (Edms) Bpk (Sharemax Investments) kon geskep het.

Die FSB herbevestig hul posisie dat, met mev Goosen se heraanstelling by die FSB, die FSB bewus was van haar vorige betrekking as USSA-voldoeningsbeampte en geen tekortkoming in mev Goosen se oorspronklike geskrewe openbaarmaking aan die FSB gevind het nie.

Die FSB erken dat mev Goosen nie saamstem met die beskouings en opinies van die FAIS- (Finansiële Adviseurs- en Tussengangerdienste) Ombud soos weergegee in die Siegrist-determinasie nie, en mev Goosen meld dat die Respondente Appèl teen die determinasie aangeteken het.

Die opinie van die Ombud, waarmee mev Goosen en die Appèllante nie saamstem nie, is dat die Sharemax-skema 'n Ponzi-skema was, dat USSA by die huur van sy lisensie betrokke was, dat USSA 'n verlenging van Sharemax Investments was, dat USSA ongekwalifiseerde persone as sy verteenwoordigers bemagtig het en dat daar gronde was (beweerde bedrog en roekelose gedrag) vir die opheffing van die korporatiewe sluier met betrekking tot USSA en Sharemax Investments.

Die FSB glo dat, gegrond op haar vorige en huidige dienstermyn by die FSB, mev Goosen 'n uitsonderlike werknemer is en dat die FSB haar by enige voornemende werkgewer sal aanbeveel.

Nietemin, weens die negatiewe indruk wat deur haar vorige assosiasie met USSA veroorsaak is, het beide die FSB en mev Goosen ooreengekom dat die FSB se bedryfsvereistes die beëindiging van haar kontrak vereis.

**Uitgereik in Pretoria**

**14 Maart 2013**